# VOETSPORE

## SUIDER-PAARL GEMEENTE KWARTAALLIKSE NUUSBRIEF

## COLLIDE

Ons 1ste kwartaal het op ‘n hoë noot afgesluit met ’n groep van ongeveer 55 jongmense wat saam na die #imagine naweek in Bredasdorp tydens die skoolvakansie gegaan het. Tussen die min slaap en tente was daar amazing verhoudings gebou, saam gebid, geleer en gegroei. Dankie vir Stéphan en Chanelle wat saam met Vicus die groepleiers vir die naweek was.

**COLLIDE** - Die ruimte waar ons alledaagse lewe met dit wat ons glo Jesus van ons verwag, met die wêreld bots.

Ons het sommer met 'n “bang” afgeskop met die Belydenis-groep wat op 16 April by die aanddiens hul geloof in Christus bely het. Daar was ook twee ander geleenthede waar tieners tydens die oggenddiens belydenis van geloof afgelê het.









**COLLIDE** se hoogtepunt van die kwartaal was vir seker Pinkster. Laerskool Courtrai was so gaaf om hulle fasiliteite aan ons beskikbaar te maak en dit was vir seker die moeite werd . Thys Bruwer, van Oase Gemeente in Klerksdorp, het ons nie net kom bedien met sang nie, maar ons ook gehelp om anders te dink oor worship/aanbidding in vandag se lewe. Kwartaal twee was vinnig, vol ontwrigtings soos langnaweke en 'n propvol kalender, en tog het ons elke oomblik wat ons gehad het, gebruik om by mekaar uit te kom.

By COLLIDE se aanddienste probeer ons altyd om dinge so vars en relevant as moontlik te hou. Ons was bevoorreg om een aand oor Geloof, Hoop en Liefde te gesels met Ds. Ryno Els as ons gas en Matthew Duncan wat die aand die lofsang gely het.

Ons sien uit na die derde kwartaal wat voorlê. Tussendeur die interskole en vol programme, kyk ons uit vir uitreike, worship-aande, ouer-opleidingsaande en natuurlik, ons reeks oor Skrif-kennis!

SUIDER-PAARL GEMEENTE

KWARTAAL 2

# SIRIË/LEBANON UITREIK

Dr. Carla Marais (Ds. Ferreira se vrou) was gevra om saam met 'n nie-winsgewende organisasie met die naam "DIA-LOGOS" te gaan hulp bied in Lebanon & Sirië in April 2023. Die area was op 6de Februarie getref deur verwoestende aardbewings en die aantal beseerdes en vlugtelinge is oorweldigend. Hiermee terugvoer van die organisasie:

Ons wil begin met 'n woord van diepe dankbaarheid. Ons weet dat u gebede ons bedek het, ons onderhou het en ons beskerm het. Sonder julle betrokkenheid sou ons nie kon doen wat ons gedoen het nie. As ons terugkyk, weet ons ons het gedoen wat ons kon, want jy het gebid. BAIE DANKIE!

## DIE SPAN

Al was die hooffokus van die uitreik om mediese verligting te bring in streke waar die aardbewing die ergste in Februarie getref het, het meeste van die span 'n nie-mediese agtergrond gehad en het, om verskeie ander redes, by die uitreik aangesluit:

Ons het die mediese span gehad, bestaande uit 7 mediese praktisyne waar een by ons aangesluit het vanaf Jordanië. Ons is ook vergesel deur 'n onderwyser, Megan, wat 'n opgeleide onderwyseres in Damaskus en Isolde is. Sy het 'n baie spesiale gawe om die gaping te oorbrug, om mense op hul gemak te laat voel en mense aan mekaar voor te stel. Sy het gedien in wonderlike maniere deur pasiënte aan dokters voor te stel en die Heilige Gees toe te laat om vrylik te bedien sonder enige angs.

Die hoofdoel van die span wat na Sirië gereis het, was om uit te reik na slagoffers van die aardbewing in Aleppo. Die Here het egter iets anders in gedagte gehad. Die 6 dokters het hul mediese bediening in die vlugtelingskampe begin nog voordat ons Sirië bereik het en het in Damaskus geëindig nadat ons Aleppo verlaat het. Meer as 500 pasiënte is altesaam ondersoek en lewens is op tasbare maniere verander.





Ons was ook bevoorreg om broodnodige medisyne in te neem en ook medisyne in Libanon te koop om na Sirië te neem. Medisyne is nie net skaars nie, maar vir die meeste mense onbekostigbaar. Die grootste behoefte was vir kinders se vitamiene en baba-formule. Ons was nie altyd in staat om siekte te elimineer nie, maar ons was in staat om pyn te verlig, vir mense te bid en hulle te laat weet dat God omgee.









## BEGIN 'N KLINIEK

Ons was verheug om saam met die Baptistekerk in Homs saam te werk, wat ons besoek gebruik het as 'n geleentheid om 'n kliniek in die kerkgebou te begin. Ons kon die beddens, linne en medisyne voorsien. Hierdie inisiatief sal voortgaan om 'n impak te hê op die gemeenskap in 'n stad waar meer as 60% van alle geboue tydens die oorlog vernietig is.





Laaste maar nie die minste nie, kon ons meer as 30 bedienings, projekte, kerke en leiers ondersteun met 'n totale bedrag van meer as R900,000 (360 miljoen Siriese Pond). Hierdie fondse is almal geskenk deur ondersteuners wat genoeg omgegee het om 'n verskil te maak. Woorde kan nie die dankbaarheid beskryf waarmee hierdie fondse ontvang is nie. Dankie aan almal wat bygedra het.

# PINKSTER

***“Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”***
***Johannes 15:5***

Die fokus van hierdie jaar se Pinkster was die persoon en werk van die Heilige Gees. Die inwoning van die Heilige Gees word dikwels so misterieus gemaak, juis omdat Hy so abstrakte konsep is. Die Skepper van die heelal wat binne my en jou woon? Dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het, aan die werk in my en jou alledaagse lewe? Die Een wat oor die waters gesweef het aan die begin van die begin, is dieselfde Een wat ook vandag in my en jou oor, saggies God se waarheid en liefde fluister. ***Hoe kan dit wees?***

Die eerste aand het ons gedink oor die feit dat die Heilige Gees, in wese, dieselfde is as God, dieselfde is as Jesus. Hy is nie ‘n vreemde nuwe invloed wat ander idees en praktyke het as die res van die Drie-Eenheid nie. Die Gees is Jesus wat in ons woon, terwyl ons ook in Jesus woon. Ons is omring van binne en buite met die alomteenwoordigheid van ons God.

Die volgende aand het ons gekyk na die konsep van vervulling met die Gees, soos ons dit kry in, onder ander Efesiërs 5. Hier is daar nogal baie verskillende opinies tussen kerke en denominasies. Sommige glo dat Geesvervulling ‘n eenmalige geleentheid is, ander glo weer dat dit gepaard moét gaan met sekere gawes en dan is daar weer ander wat nie veel daarvan maak nie. Paulus verduidelik vir ons dat Geesvervulling eintlik ‘n herhalende gebeurtenis in ons lewe moet wees. Here, maak my vandag weer vol, van kop tot tone. Hier is ek, gebruik my!

Die derde aand was die tema gedryf deur die Johannes 15 teks wat bo aan hierdie artikel aangehaal is. God se kinders, dié wat in Hom bly en dié in wie Hy bly, dra vrugte. Dit is so eenvoudig soos dit. Hoe meer die Here in en deur ons aan die werk is, hoe meer sal ons groei in liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Die laaste twee aande het ons so bietjie gekyk na die genadegawes wat die Gees uitdeel soos Hy wil. Die doel van hierdie gawes is om die Gemeente van God te versterk en op te bou. Sonder jou gawes is daar ‘n leemte.




Dankie liewe gemeente vir ‘n heerlike Pinkster. Mag jy ook jou gawes gebruik, waar okal jy jouself bevind, tot die opbou en versterking van ander.



# SPKIDZ




***Op die ritme van: Blou, geel, groen, swart, loof Hom met jou hele hart het, die SPkidz Pinksterweek ingedans. Clarice van die Reënboogkidz en KIZZOO het kom kuier!***

***KinderPinkster week is een week in die jaar waar ons kinders vanuit die hele gemeenskap nooi om saam as gelowiges fees te vier dat God vir ons die Heilige Gees stuur om in ons te woon. Ons Helper.***

### *Gr 5 en 6, ons "Tweens" Pinkster.*

SPkidz het ook 'n spesiale groep die "Tweens", die gr 5 en 6 kinders. Te oud vir die lawwe, spelerige kinders en te jonk vir die tieners. Uniek, energiek en pragtig met 'n behoefte om uit te vind wie ek is en waar ek inpas. Hoe reageer ek in situasies waar kleredrag, sport, besittings eers nie vir my saakgemaak het nie, maar nou is dit 'n ander storie. Hanli Saunderson (Stilis), Jean Stemmet (voormalige provinsiale rugbyspeler) en Sean Erasmus (Boys High 1ste span afrigter) het hulle wysheid en lewenservaring kom deel met ons "tweens". Mag elke kind ook so hulle Christenskap uitleef en eendag terug-ploeg.










***SPkidz Nagmaal. Dankie Ds. Ferreira.***

Die doel van die kleuterkerk is tweevoudig. Een: om aan ouers 'n geleentheid te gee om die erediens in die kerk by te woon en twee: om 'n geloofsdissipline by die kinders te kweek in 'n veilige, vriendelike omgewing. Dit is lekker om saam met 'n groot Christen familie tyd te spandeer en saam te leer.

# GEBEDSNAWEEK






SUIDER-PAARL GEMEENTE


KWARTAAL 2


# GEBEDSNAWEEK








# KLAPMUTS KAMP

***Klapmuts se Kamp was ‘n wonderlike ervaring!***

Vir die eerste maal in baie jare het Klapmuts weer ‘n gemeentekamp gehou van 12-14 Mei by Simonsberg Christian Conference Centre langs Kanonkop.

Hierdie was ‘n wonderlike geleentheid om ‘n groep mense bymekaar te kry buite die kerk en die Gemeente omgewing. Vir die grootste deel van die groep was hierdie ‘n eerste kamp ervaring en dit, op sigself is ‘n ongelooflike “blessing” wat ons as gemeente kon moontlik maak.

Baie dankie vir elkeen se bydrae om hierdie geleentheid te skep - vanaf die Valentynsbal wat fondse gegenereer het om elkeen se kampkoste af te bring, asook die geleenthede op Klapmuts om etes te verkoop – verskeie mense het hard gewerk sodat almal die geleentheid kon kry. Baie baie dankie!

Die tema van die kamp was dissipelskap en Theo het Vrydagaand ingelei met ‘n kort boodskap en werkswinkel en ons het lekker saamgesing.

Saterdag se sessies is hanteer deur Dr. André en Ds. Ferreira en die aand het Ds. Ferreira ons gelei in “praise & worship” asook die drie F’s van dissipelskap – Fish, Follow, Fellowship.

Saterdagmiddag het Niel almal lekker laat saamspeel op die gras in boeresport en “touchies”. Ons het ook ‘n goeie werksessie gehad om te droom oor Klapmuts se musiek in die toekoms.

Dr. André het Sondagoggend se erediens waargeneem wat ook deur mense van buite bygewoon is.
Die wonderlikste van hierdie naweek was hoe oud en jonk saam in groepies kon dink wat dissipelskap beteken en hoe ons “saam” Jesus beter kan volg.

Na 2021 en 2022 se strategiese en struktuur gesprekke
in Klapmuts was hierdie ‘n goeie geleentheid om mekaar beter te leer ken en verhoudinge te bou oor grense heen. Ons weet tog dat dit die hart van gemeentewees is!

Alhoewel dit gevaarlik is om mense uit te sonder wil ons baie dankie sê vir Kobus, Hanrie, Wilma, Niel en Lize vir julle ekstra moeite. Dit was ‘n onvergeetlike ervaring en ons hoop om dit elke 2 jaar te doen.









# MAAK 'N VERSKIL

Ons Pinksterprojek, om ñ leerder se projek by Paarl Hospitaal se Psigiatrie afdeling te ondersteun, is afgehandel. Ons kon 12 pakkies met klerasie en toiletware oorhandig.

Ons het ñ paar van hierdie oorjasse bekom wat haweloses droog en warm kan hou. Hulle is dan sommer ook meer sigbaar vir verkeer in triestige weer.








Die onlangse stormweer was vir almal ñ uitdaging. Ons kon kospakkies, warm klere en boumateriaal aan mense in nood voorsien.




By SOS het Dr. Carla Marais waardevolle inligting aan bloeddruklyers en diabete gegee. Hul vordering is weekliks gemonitor en hulle vorder goed. Anje het ñ 'pilates' klas aangebied en behalwe vir die groot pret, was party tannies se spiere ñ week later nog seer.

Daar is ook truie en komberse in die verskillende groepe gebrei. Hulle kan nou die winter heerlik warm aandurf.

# VERHOUDINGSKURSUS

Ons as gemeente wil meer ruimtes skep waar ons saam kan dink en toegerus word vir die lewe. Die verhoudingskursus wat oor 4 aande (4 weke) aangebied is deur Ferreira en Andre was 'n eerste stap in hierdie rigting. "Couples" kon hier die geleentheid kry om nuwe ritmes saam te vestig. Ons het saamgedink oor God in die huwelik, oor ons stories en die kernwaardes waarvolgens ons, in ons verhoudings, wil leef en hoe ons konstruktief met mekaar kan kommunikeer deur te praat, maar ook goed na mekaar te luister. Hierdie was 'n geleentheid om saam 'n bietjie " stadiger" te gaan, weg te kom van die gejaag en weer te "connect". Om in 'n intieme verhouding te wees in tye soos hierdie is 'n wonderlike voorreg, maar ook 'n enorme uitdaging. Ons wil 'n gemeente wees waar ons Jesus se voorbeeld volg, ook deur die verhoudinge waarin ons leef!

Die eerste en die derde aande was deur André aangebied en die tweede en vierde aande deur Ferreira. Dit was so lekker om te sien en te hoor hoe daar sommer ook tussen deur nuwe vriendskappe gebore is en hoe lekker almal saam gekuier, gesels en gelag het.

Die terugvoer was ook deur die bank positief gewees en baie van die paartjies het gesê dat hulle sommer ook weer die volgende kursus sal bywoon. 'n Gesonde verhouding is die basis van 'n gesonde gesin, en ons het net weer vir mekaar gesê dat ons meer van God se teenwoordigheid nodig het in ons verhoudings, Jesus se voorbeeld van liefde en genade, maar ook sy voorbeeld van gehoorsaamheid en getrouheid.

Ons as Gemeente bid 'n seën oor elke verhouding, elke huwelik, elke gesin en elke enkellopende wat ook op ander maniere in verskillende verhoudings staan. Mag ons vredeliewend wees, mag ons aktiewe vredemakers wees, mag ons genade en vergifnis met mekaar betoon en mag ons ander dra en oplig.

**Ons hoop om jou by die volgende kursus te sien.**



# STEPHAN JOUBERT

Ons was baie bevoorreg om Prof. Stephan Joubert - teoloog, skrywer, stigter van e-kerk en 'n vriend van ons gemeente - op Woensdag 21 Junie in ons gemeente te kon verwelkom. Hy het met die Gemeenteraad saam kom dink en droom oor ons roeping, daarna die gemeente bedien en Donderdagoggend 22 Junie by 'n ontbyt by Picardi opgetree.

**'n Paar indrukke van sy besoek:**

- Christus is die hoof van ons gemeente. Hy gee vir ons 'n verskeidenheid gawes wat ons moet ontgin en koester, en deur verhoudings moet ons mense bereik met die volgende elemente:
- Die kruis van Christus bepaal my wêreldbeeld: ek kyk na alles deur die kruis, want ons is saam met Christus gekruisig.
- Daar wag 'n kroon vir my. Ek leef nie net vir Christus nie, ek sterf ook vir Hom. Dit gee my hoop vir die toekoms.
- Christus sit op die troon en tree vir ons in. Wanneer dit swaar gaan, is Christus hier, want niks kan ons van sy liefde skei nie.
- Ons is tempels, en ons huisves die Heilige Gees.
-

- Daar is vier spasies wat ons in ons gemeente moet skep, en mense wat in daardie spasie is moet versorg en dit uitnemend maak. Alle lidmate is nie noodwendig in alle spasies nie, en dit is in orde so:
- Sitkamer: meer formeel, soos 'n erediens waar min inligting uitgeruil word.
- Woonkamer: hier kan mens jou hart oop maak, mens kuier en jy is maar net jouself, soos by 'n basaar of ander kuiergeleentheid, of waar mens meer informeel iets van God beleef.
- Kombuis/stoep: Hier sit mens saam met jou vriende, hulle ken jou pyn en jou hart. Dit is soos by 'n omgeegroep.
- Slaapkamer: 'n spasie waar jy die vrymoedigheid het om intiem met mense rondom die Woord te verkeer. Dalk soos manne- en vrouegroepe, Bybelskool of waar ons saam sit en bid en onderskei oor God se wil. Dit is ook wanneer mense met mekaar saamhuil en God se wil soek.

- Hoe skuif ons mense om God se wil te beleef en te soek?
- Elke lidmaat het 'n bediening. Wanneer ons dien, beleef ons God op 'n ander manier.
- Die kerk is 'n hospitaal as jy seer kry, dit is 'n simfonie as jy wil aanbid, dit is 'n skool as jy wil leer. Gee ruimte vir mense met verskillende behoeftes van 'kerkwees'.
- Verhoudings is baie belangrik. God werk deur dit!

- Mense se grootste behoefte is hoop. Ons kry hoop deur die volgende te onthou:
- Ek is 'n brief wat deur die Heilige Gees geskryf word, en die eerste Leser is die Here self. En my lewensstorie is nog lank nie klaar nie....
- God druk die storie/plot/sillabus wat Hy vir my in gedagte het, op my lewe af. Jesus se hart klop in my want die Heilige Gees is besig om te skryf, en so kry ek dit reg om te lewe vir Christus, maar ook vir Hom te sterwe. Hy kry dit reg om sy lewe op my af te druk wanneer ek die Bybel lees.
- Jesus bring vir ons 'n hemelse geskenk, nl. Geestelike genadegawes. My talente dui vir my 'n rigting aan wat die Here met my wil loop, en as ek dit dan in sy hande plaas en teruggee vir die Here, word dit 'n gawe.
- Die Gees verander my al meer dat ek meer vrug kan dra. Ek is nie net so gemaak en laat staan nie. Eet die Woord, dan sal God jou verander!
- Die Gees vat ons wenpaal toe. Hy wil ons storie klaar skryf. En die einde van God se storie met my en jou is klaar geskryf: Ons wen!!! Die Heilige Gees is die waarborg daarvan.



**Prof. Stephan Joubert besoek ons weer in die 3de kwartaal. Ons sien met verwagting uit.**

# WYNVEILING









Op 31 Mei het ons gemeente ons jaarlikse wynveiling by Ashanti gehad. 220 gaste was bymekaar vir 'n heerlike kuier saam met wynmakers en rugbyspelers. Aan elke tafel het 'n wynmaker gesit wat die tafel van wyn voorsien het, die musiekgroep Van der Aven het vermaak verskaf , en daar was bekende rugbyspelers - oud-Springbokkapteins Jean de Villiers (gemeentelid) en André Vos, en oud-Ierse speler CJ Stander - wat rugby gesels het. Met mnr. Pinotage Beyers Truter, as afslaer, is 'n klompie wyn en ander items opgeveil ten bate van ons gemeente se werk in die gemeenskap. En dit is presies wat die afgelope paar jaar deel geword het van die identiteit van hierdie aand: verskillende rolspelers wat hande vat om saam 'n verskil te maak aan die nood en behoeftes in die gemeenskap.

Wat die aand spesiaal maak, is dat almal betrokke ervaar het dit gaan oor baie meer as net 'n fondsinsameling. Op die aand wil ons dit vier dat die Vader ons in die wêreld geplaas het om 'n verskil te maak: met gasvryheid, met ons gawes, in verhoudings met mense en besighede buite die gemeente. En ons glo die gevolge en uitwerking van die aand strek baie verder as dit wat op so 'n aand gebeur.

Dit werk so: ons identifiseer 'n paar projekte en instansies waar ons jaarliks betrokke is, afgesien van ons gemeenskapsopheffing en -geestelike bediening waarby ons as gemeente deurgaans betrokke is. Aan die begin van die aand word 'n videosnit gewys om visueel ons droom uit te spel, en Koelenhof se besturende direkteur Andrew de Vries het 'n getuienis gelewer van hoe die Here hom tydens 'n aanval op sy lewe bewaar het. Dit alles het die grondslag gelê om mense se harte en beursies oop te maak vir dit wat die Here vir ons in gedagte het.

En ons kan met dankbaarheid sê dat ons omtrent R450 000 ingesamel het om rondom ons 'n verskil te maak. Ons glo dat ons hiermee gestalte help gee aan ons gemeente se roeping om Jesus te volg hier waar Hy ons geplaas het.

Baie dankie nogmaals vir elkeen wat geborg, gegee, gebid, gereël, bygewoon, opgetree en gekoop het! Dankie Johan Ferreira en die komitee vir julle moeite! Ons glo ons Vader word hierdeur verheerlik.